



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN NOORD-KAAPLAND

Rig asseblief alle korrespondensie
aan die PSD

Verw. 13/2020

Lawsonstraat 72
Posbus 110677
Hadison Park
8306
Tel: 053-8329581/2
Faks: 053-8328212

e-pos

admin@noordkaapland.co.za

**Vriendelike versoek aan skriba:
Maak asseblief afskrifte vir u leraar/s en besorg die afskrif aan
hom/haar.**

3 Desember 2020

**AAN: KERKRADE
SKRIBAS
ALLE LERAARS**

Geagte broers en susters

SAAM OP PAD WEES

Ons rig ons tot u, die leraar en kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in u gemeenskap, as kerk in die volle sin van die woord. Dit kan ons sê omdat ons weet dat daar by u die Woord suiwer verkondig word, die sakramente getrou bedien word en die tug in liefde toegepas word, terwyl u ook binne die verband van u ring en sinode aan u kerkwees uitdrukking gee. Dit terwyl die sinode in Noord-Kaapland die afgelope jaar verhoed is om in sitting te kon gaan. Die sinode in Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus, is egter steeds saam-op-pad – beide met betrekking tot kerklike vraagstukke én lewensomstandighede. Droogte, brande, wanorde, haatmisdaad, korrupsie en verval, sowel as krimpemde gemeentes, verskille oor lewensvrae, skrifgesag en kerkbegrip, om maar enkele voorbeelde te noem, maak die pad lank en swaar. Terselfdertyd ervaar ons ook genade en redding in oorfloed. Hy is ons Leidsman, ons behoort aan mekaar en het die voorreg om deur Hom gebruik te word.

Met die laaste sinodesitting in 2016 het ons saam na die Woord en na mekaar geluister.



Die volgende het na vore gekom:

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het die volgende roepingsverklaring aanvaar:

'n Sinode is gemeentes wat in 'n kerkverband aan mekaar gebind is en as kerk saam na die Woord van die Here luister en die pad so saamloop dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.

Caritas Gemeenskapsfokus het die volgende visie en missie:

Visie

Caritas Gemeenskapsfokus streef na die heling van die mens in sy gemeenskap.

Missie

In naloop van Jesus Christus dra Caritas Gemeenskapsfokus in liefde by tot die:

- herstel en ontwikkeling van gemeenskappe
- bemagtiging van gesinne
- beskerming en versorging van kinders en ouer persone
- heling deur gespesialiseerde terapie

Bogenoemde roepingsverklarings het ons werksaamhede sedert 2016 tot op hede grootliks bepaal.

Hier volg 'n kort verslag waarop die verskillende sinodale kommissies en Caritas die afgelope vier jaar gefokus het. By die volgende sinodesitting sal volledig verslag gegee word.

Sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD)

Wat hier volg is 'n kort bondige samevatting van die werksaamhede van die sinodale kommissie vir hulpdienste. SKHD het o.a. die volgende portefeuljes saamgestel om opdragte, deur die sinode gegee, uit te voer: Amptenare pensioenfonds, argief, begrotingsbeheer, beleggingskomitee, beroeping, diensverhoudingskommissie, gemeentebediensfonds aansoeke, NGNK Tuistes NPC, opleiding van kerkpersoneel/skribas, sinodale bydraes en studiebeurse.

Behalwe die hantering van personeelsake en die instandhouding van die funksionering van die sinodale kantoor is baie tyd en geld aan gemeentes en gemeenskappe gespandeer.

Sedert 2017 tot en met 2020 is 15 teologiese studiebeurse en 3 maatskaplike studiebeurse toegeken. Opleiding is aan skribas en kerkpersoneel gegee. Die predikant in sinodale diens en die rekenmeester van die sinodale kantoor is steeds beskikbaar om op versoek van ringe en of gemeentes opleiding aan kerkpersoneel/skribas te gee.

'n Werkswyse vir hulpverlening as gevolg van 'n ramp is in plek gestel. 'n Covid-19 projek is ook geloods en verskeie gemeentes is uit die gemeentebediensfonds gehelp. Op hierdie wyse is gemeentes gehelp en het geld na gemeentes waar die nood die grootste is, teruggevloei.

Die normale begrotingsbeheer word voortdurend toegepas.

Sinodale kerkordekommissie (SKOK)

Die sinodale kerkordekommissie (SKOK) is 'n dienstekommissie wat deur 'n sinode in sitting aangestel word hoofsaaklik om gemeentes, ringe en ander kommissies tussen sinodes te adviseer oor vraagstukke van kerkordelike en regsraad. Voorts dien die voorsitter van SKOK op die algemene taakspan regte (ATR) en tree SKOK op waar die Kerkorde of reglemente van die algemene sinode die optrede van 'n sinodale kommissie/moderatuur/moderamen vra. Die kommissie onderneem dus nie uit eie beweging handeling nie.

Gedurende die afgelope vyf jaar het SKOK by talle geleenthede aan gemeentes, ringe en SKHD advies gegee oor kerkordelike en regsrae, veral met betrekking tot die hantering van leraarsposte. Verwikkelings met betrekking tot die algemene sinode se besluite oor selfdegeslagverhoudings en verbintenisse en die hofsak wat daaruit voortgespruit het, het egter 'n belangrike deel van die

kommissie se aandag in beslag geneem. Die voorsitter het hom as lid van die ATR dikwels geroepe gevoel om minderheidstandpunte in te neem en die kommissie deurlopend daarvoor geraadpleeg.

Ten aansien van die opspraakwekkende verloop van sake en lidmate en gemeentes se behoefte aan raadpleging en leiding het SKOK twee stappe geneem. Die een was om besprekingsvrae oor skrifgesag en kerkverband aan ringe en gemeentes te rig en besinning daarvoor te vra, en die ander was 'n besluit om 'n spesiale sinode te versoek. Aangesien die Noord-Kaap egter terselfdertyd onder 'n knellende droogte gebuk gegaan het en 'n spesiale sinode hoë koste sou meebring, het SKOK ingewillig om die vraagstukke vir spesiale behandeling by die volgende geskeduleerde sinode te laat oorstaan mits daar by sinodebeplanning voldoende tyd voorsien word. Hiervoor is saam met die taakspan leer en aktuele sake van SKBO voorberei.

Die verloop en uitkoms van sake, het veroorsaak dat die vorige voorsitter, teen Desember 2019 genoop is om uit sy posisie te bedank en die huidige voorsitter is deur die kommissie aangewys. Ander verantwoordelikhede is op gepaste wyse toegedeel (bv. sitting op die ATR) terwyl die kommissie sy bydrae tot koördinerende gesprekke, die taakspan vir sinodebeplanning en die saam op pad wees proses gelewer het.

Sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (SKBO)

Sedert die laaste sinodesitting was die taakspanne van SKBO besig met 'n wye verskeidenheid take. Om alles neer te pen is onmoontlik, maar hier is 'n paar merkers.

Taakspan JONK NK was besig om sy bedieningsstelsel aan te pas om saam met taakspanne en rolspelers te werk om die jeug in die sinode in Noord-Kaapland te ontwikkel. Die grootste beweging is sekerlik **#Imagine**. In 2019 was daar 360 jongmense wat opgetrek het na die #Sentrale fees. Die taakspan wil graag gemeentes en gemeenskappe help om effektief met jeug bediening om te gaan.

Taakspan predikantesake se hoofokus is **predikanteversorging**. Dis belangrik om holisties na elke leraar te kyk. Gemeentes word aangemoedig om hul leraars te versorg. Daar is ook verskeie opleiding en toerustingsgeleenthede wat deur **VBO-kursusse aangespreek** word. Mentorskap word aan jong beginnende leraars gebied om hul te help om gebalanseerd in die bediening te funksioneer.

Taakspan missionale kerkwees se hoofokus was die daarstelling van die kursus vir die **bedienaars van die Woord**. Die eerste groep bedienaars is reeds bekend gestel en het hul sertifikate ontvang. Verder is die taakspan besig om op 4 vlakke missionaal te dink, naamlik: **eklesiologie, lidmaatbemaatting, erediens en liturgie en gemeentebediening**.

Taakspan NGK Vroue is hoofsaaklik agter die skerms aan die werk om die sinodale gebied se vroue te **bemaatting en te mobiliseer**. Elke vrou word aangemoedig om betrokke te raak by die taakspan deur onder andere vrouekampe by te woon en waar hul 'n bydrae kan lewer.

Leer en aktuele sake se agenda was baie vol. **Skrifgesag, skrifbeskouing en skrifuitleg** is so aktueel dat 'n dag ekstra by die sinodesitting ingeruim sal word om dit deur te praat en daarvoor te bid. In ons worsteling oor selfdegeslagverbintenisse, kerkbegrip ensovoorts is leer en aktuele sake besig om rigtinggewend te dink.

Samevattend. SKBO moet nuut en vars dink oor gemeente ondersteuning en ons gebed is dat elke gemeente sal inkoop in 'n proses om sinvol kerk te wees.

Sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG)

Die sinodale kommissie vir diens en getuienis se struktuur het die afgelope 4 jaar bestaan uit drie taakspanne, naamlik: Taakspan vir die bediening in Botswana, taakspan vir diakonaat en taakspan vir ekumene.

Taakspan Botswana

Die afgelope paar jaar is daar baie gefokus op verhoudings tussen die sinode in Noord-Kaapland en die DRCB (Dutch Reformed Church in Botswana). In die verlede was daar slegs 'n "Deed of Agreement." Dit het beteken dat die DRCB finansiële ondersteuning deur die sinode in Noord-Kaapland. Daar is besluit om eerder verhoudings te bou en te besluit op 'n "Partnership Agreement". Die DRCB het reeds by hulle sinode van 2019 die ooreenkoms goedgekeur.

Verder het die taakspan gepoog om wyer betrokkenheid van die ringe in die Noord-Kaapland by Botswana te ontwikkel, maar die proses is steeds aan die ontwikkel. Die taakspan gaan steeds met sy werk in Botswana voort.

Taakspan diakonaat

Die grootste komponent van taakspan diakonaat was die werk van Caritas Gemeenskapsfokus. Daar is baie aandag gegee aan die Kinder- en Jeugsorgsentrum in Barkly-Wes waar ongeveer 85 kinders gehuisves word. Alle aspekte van kinderontwikkeling is so ver moontlik aangespreek.

Verder is daar verskeie projekte deur Caritas geloods. In die kort verslag kan daar slegs daarna verwys word, naamlik: Vroeë kind ontwikkeling (VKO sentrums), die Terapiesentrum waar baie nuwe samewerking tussen die sentrum en die breër kerk is, fisiese en geestelike nood het ook baie aandag geniet asook die bestuur van die geboue van die sinode in Noord Kaapland.

Die droogte het sy tol geëis in groot dele van die Noord-Kaap en Noord-Wes en Caritas het in samewerking met 'n Ad hoc-taakspan gemeenskapsversorging 'n enorme bydrae gemaak om die nood tydens die uitmergelende droogte te verlig.

Hierdie taakspan het met groot ywer en met professionele personeel en soms net die nodigste bronne tot hulle beskikking 'n groot verskil in mense se lewens gemaak.

Taakspan ekumene

Die taakspan se werk is bemoeilik deur die besluit van die VGKSA Phororo om 'n moratorium op alle bilaterale gesprekke te plaas. Daar is verskeie pogings aangewend om die verhoudings te laat groei. In 2017 is daar tussen die twee kerke op 'n tussen-orde besluit sodat die eenheidsproses weer hernude aandag kan kry. Daar is verskeie struikelblokke wat uit die weg geruim moet word alvorens die eenheids gesprekke weer momentum kan kry.

Die kommissie het ook kennis geneem van die ring van Mafikeng se betrokkenheid by die verskuiwing, bediening en versorging van die Portugese gemeenskap te Pomfret. Professor Hannes Knoetze is nou daarby betrokke.

Caritas Gemeenskapsfokus NPC

Met die visie van Caritas Gemeenskapsfokus voor oë, naamlik "**heling van die mens in sy gemeenskap**" het Caritas by sy drie afsonderlike takke, naamlik

- Caritas Gemeenskapsfokus Kimberley
- Caritas Gemeenskapsfokus Vryburg en
- Die Caritas Kinder- en Jeugsorgsentrum

letterlik duisende volwassenes en kinders se lewens geraak deur dienste wat deur die kantore en Jeugsorgsentrum gelewer is. Die Terapiesentrum van Caritas verskaf noodsaaklike professionele dienste aan getraumatiseerde kinders en volwassenes. Die Terapiesentrum het by wyse van die “Caritas Noodnommer” vir persone wat in ’n vasgeloopte situasie verkeer vanweë droogte of ander trauma wat beleef word, ’n oor gebied om te hoor en is ’n rigtingwyser tot hulp.

Caritas het ’n samewerkingsooreenkoms met die volgende Tuistes vir Ouer Persone (dienspunte) met afsonderlike behuisingsontwikkelingskemas vir ouer persone wat in die gemeenskappe wil aftree:

- Kokerboom-Oord Trust
- Huis Andalusia Trust
- Silwerhof en Villas Trust
- Huis Louis Swanepoel
- Rusoord Vryburg

Sestien Vroeëkindontwikkeling-sentrums het sedert 2012 tot stand gekom waarby Caritas betrokke is. Program aanbieding, ondersteuning en begeleiding word aan die praktisyns, kinders en hul ouers gebied ten einde die kinders by hierdie sentrums nie net skoolgereed te maak nie, maar ook by wyse van ’n holistiese benadering gereed vir die lewe te maak! Caritas glo vas dat die gevarieerde ontwikkeling van kleuters ons in ’n goeie posisie plaas om gemeenskappe te help stabiliseer. Die Mama’s projek onder leiding van Caritas, met na-skoolse hulp aan leerders wat daarby betrokke is, dra beslis by tot die ontwikkeling van kinders in die 5 gemeenskappe waar dit plaasvind.

Die oogmerk van Caritas is dus om gemeentes en gemeenskappe tot diens te wees

- Om in soveel as moontlik gemeenskappe Vroeëkindontwikkeling-sentrums op te rig
- Dienste - gesentreer rondom kinders (emosionele-, forensiese- en ekometriese assessering en terapie)
- Dienste - gesentreer rondom volwassenes (assessering en terapie)
- Opleiding - deur middel van CPD-programme
- Gesinsprogramme - vir gemeentes en gemeenskapsgroepe
- Trauma-opleiding vir skole
- “Wellness-programme” - vir aanbieding by kleiner sake-ondernemings en organisasies
- Trauma-ontlontings program in gevalle van groot krisis-gebeure vir die breë gemeenskap.
- Akkommodasie vir persone uit die platteland wat familie in hospitale besoek
- Die instandhouding van die geboue van die NG Kerk in Noord-Kaapland

Om hierdie diens te kan verrig is Caritas bevoorreg om oor die kundige diens van administratiewe en finansiële personeel te beskik wat saam met elke ander personeelid die werksaamhede van Caritas moontlik maak. Die handelsmerk van Caritas word oor die lengte en breedte van Suid-Afrika en selfs verder uitgedra. Ondersteuning en erkenning vir die diens wat verrig word, word ontvang. Ons is dankbaar vir elke persoon en instansie wat Caritas se werksaamhede moontlik maak!

Saam met die NG Kerk in Noord-Kaapland is Caritas op reis na die toekoms wat ons in geloof en vertrou in ons Hemelse Vader aanpak!

Samevattend

Uit die kort opsomming hierbo blyk dit dat die sinode in Noord-Kaapland en Caritas met verskeie opwindende en minder opwindende (maar noodsaaklike) sake besig was wat in die streek, samelewing en kerk ’n verskil gemaak het. Meeste van hierdie aksies het regtig ook plaaslike gemeentes en gemeenskappe gehelp, met sake wat dikwels net te groot is vir ’n gemeente om alleen

aan te pak, maar wat nie sonder die plaaslike gemeente in gemeenskappe aangepak kan word nie. Hier dink ons aan die werk in Botswana, opleiding van Bedienaars, vestiging van VKO's, droogtehelp, ens. Hiermee erken ons dat die kerk uit gemeentes bestaan wat oor al die gawes, soos die Heilige Gees, die Skrif, die gelowiges ensovoorts beskik om volledig op hul eie te kan kerk wees, maar dat gemeentes nie die volle kerk is nie, bedoelende dat die kerk groter is as net ons gemeente en ons bediening. Daarom is die sinode in Noord-Kaapland dankbaar vir elke gemeente en Caritas wat ons help om "meer/beter" kerk te wees soos wat elke liggaamsdeel van die liggaam, die liggaam help om meer liggaam te wees omdat elkeen sy funksie vervul.

Bewus daarvan dat ons samelewing en ons omstandighede voortdurend drasties verander (dorpe verval, droogtes, Covid-19) wil die sinode in Noord-Kaapland en Caritas saam met gemeentes worstel om voor die Here te staan en te vra waarmee is God besig en waarmee moet die kerk in Noord-Kaapland en Caritas nou besig wees om God meer sigbaar te maak in hierdie deurmekaar, verflenterde en verwonde wêreld. Die vraag wat ons wil beantwoord is wat is die sake waarvoor God met gemeentes praat, maar wat te groot is vir hulle om alleen aan te pak? Die sinode wil graag gemeentes help, en gemeentes moet die sinode help sodat ons as kerk van die Here, Jesus Christus, saam die pad kan stap deur in gehoorsaamheid aan Hom te leef, nuwe/ou fokusareas en bedieningsgeleenthede te identifiseer waarmee ons saam op pad moet gaan in hierdie dae.

Om dit te bereik is daar met 'n proses van saam op pad wees begin. Hierdie en volgende skrywes wil gemeentes betrek by die proses van saam op pad wees. Ons beoog om gereelde skrywes aan gemeentes te stuur. Lees dit asseblief deeglik en en gee terugvoering.

Ons nooi u om saam met ons die pad te loop, al is die pad soms lank en swaar. Dit sou ook goed wees as gemeentes hulle opnuut kon verbind tot ons saam op pad wees.

Ons sal moet terug kyk. Daarom sal daar met 'n volgende skrywe na die verhaal van die Sinode/Caritas sedert 1979 tot en met vandag gekyk moet word. Die verhaal sal krities beoordeel moet word, sodat dit ons kan help om verder saam op pad te wees.

Vriendelike groete

Koördinerings-gepreksgroep

Ds. C Jonck	SKHD Voorsitter
Ds. RG Janse van Vuuren	SKBO Voorsitter
Ds. MJ Coetzer	SKDG Voorsitter
Oudl. CWH Boshoff	SKOK Voorsitter
Prof. JJ Knoetze	
Ds. DJ Kleynhans	
Dr. JS Henning	Caritas Gemeenskapsfokus
Mnr. AGW van Tonder	Caritas Gemeenskapsfokus